**Groter fokus om belastingdeursigtigheid en uitruil van inligting na die volgende vlak te neem**

**Tshwane, 18 November 2022** - Die afgelope week, tydens die jaarlikse OECD Wêreldforum oor Belastingdeursigtigheid en Uitruil van Inligting vir Belastingdoeleindes (wêreldforum) se 15de volledige sitting wat in Seville, Spanje gehou is van 9 - 11 November, is daar gefokus om belastingdeursigtigheid en uitruil van inligting na die volgende vlak te neem.

Soos besigheidsmodelle bly ontwikkel en meer digitaal, nie-plaaslik en virtueel word, het fisiese grense minder toepaslik geword in die produksie en beweging van goedere en dienste. Gevolglik is nasionale belastingbasisse onder konstante bedreiging van erosie. Daarom is dit noodsaaklik om saam met en deur belanghebbendes te werk om die belasting-ekosisteem te verbeter om beter samewerking te kweek. Deur die voordele van belastingdeursigtigheid en uitruil van inligting aan te gryp, is ondersteuning van die strewe na ontwikkel van 'n belasting- en doeanestelsel wat op vrywillige nakoming gebaseer is.

Die wêreldforum spog tans met 165 lede-regsgebiede en sy volledige sitting, die eerste fisiese vergadering sedert die covid-19-pandemie, het meer as 400 deelnemers gehad wat lede-regsgebiede en internasionale organisasies verteenwoordig. Afgevaardigdes van die voltallige sitting het die belangrikheid van belastingdeursigtigheid en uitruil van inligting (EOI) beklemtoon in die aanspreek van belastingontduiking en om regerings regoor die wêreld by te staan met die mobilisering van plaaslike hulpbronne, veral terwyl die wêreld na vore kom uit die wêreldwye pandemie en die huidige ekonomiese krisis.

Die wêreldforum en sy ondergeskikte liggame is strategiese forums vir Suid-Afrika, en hul was instrumenteel in die lig van die sluier oor belastinggeheimhouding deur die streng monitering van internasionale standaarde oor uitruil van inligting met versoek (EOIR) en outomatiese uitruil van inligting (AEOI), asook hul geteikende ingrypings met die opbou van kapasiteit, wat oorgrense bystand met belastingherstel insluit.

Die wêreldforum se voltallige sitting is voorafgegaan deur 'n byeenkoms van die Afrika Inisiatief wat aktief met lande op die kontinent skakel om bewustheid te kweek van die belangrikheid van die EOI en bystand lewer met geteikende kapasiteitbou om Afrika-lede-regsgebiede te help om doeltreffende EOI-eenhede te bou. Tydens 2022 het meer as 2 000 beamptes vanoor die kontinent voordeel getrek uit gespesialiseerde opleidings oor EOI. Die AI-byeenkomste het ook die ontwikkeling van 'n hulpstelsel vir oorgrense bystand in die herwinning van belastingeise verwelkom.

Kommissaris Edward Kieswetter het Suid-Afrika verteenwoordig as hoof van SARS, asook in sy kapasiteit as visie-voorsitter van die wêreldforum se bestuursgroep en visie-voorsitter van die Afrika Inisiatief.

Hoogtepunte van die voltallige sitting het die aanneem van Suid-Afrika se 2022 uitruil van inligting met versoek, tweede rondte se fase 2 eweknieë hersieningsverslag ingesluit, asook die kommissaris se ondertekening van die multilaterale bevoegde gesagsooreenkoms oor die outomatiese uitruil met betrekking tot CRS-vermydingsreëlings en ondeursigtige buitelandse strukture (MDR MCAA), aan die sy van 14 ander regsgebiede, terwyl 22 regsgebiede die MCAA oor outomatiese uitruil van inligting oor inkomste afkomstig van digitale platforms (DPI MCAA) onderteken het.

Met sy nuutste AEOI uitruilings, het Suid-Afrika inligting outomaties gedeel met 78 vennote en SARS maak steeds aansienlike inbreuke deur die gebruik van die AEOI inligting ontvang om moontlike onreëlmatighede na te spoor in belastingpligtige-aanslae. Volgens die wêreldforum se verslag vir 2021, is inligting oor meer as 11 miljoen finansiële rekeninge, wat totale bates van nagenoeg EUR 11 triljoen behels, wêreldwyd outomaties gedeel.

"Ons vorder met ons reis jeens 'n slim, moderne SARS met onbetwisbare integriteit, wat vertroud en bewonder is. Die sleutel hiertoe is die aanvulling van ons menslike vermoëns deur voordeel te trek uit instaatstellende tegnologie en data deur kunsmatige intelligensie met gebruik van gesofistikeerde masjiengedrewe algoritmes.

Terwyl ons die gebruik van data vermeerder en uitbrei, ingevolge ons 5de strategiese oogmerk, vorm EOI en AEOI 'n waardevolle bron van data wat ons uitgebreide derdepartydatabank aanvul en die opsporing van belastingpligtiges en handelaars, wat nie nakomend is nie, moontlik maak. Ons sal nienakoming duur en moeilik maak en ek moedig dus alle belastingpligtiges en handelaars aan om die regte ding te doen en vrywilliglik nakomend te wees," het kommissaris Kieswetter gesê.

Vir meer inligting oor die onderwerp van belastingdeursigtigheid en uitruil van inligting, verwys asseblief na die volgende:

- Verklaring van die uitkomste van die 15de voltallige sitting van die OECD se wêreldforum.